**Die Moderne Apostels en Profete en NAR**

**Inleiding**

Die doel van hierdie skrywe is om ’n denkrigting te bevraagteken wat aanleiding gee tot die ydellike gebruik van God se Naam. Terme soos “*die Here het vir my gesê*,” of “*die Here het my gewys*” is sinsnedes wat algemeen by Christene gehoor word. Die eerste gevaarligte het vir my begin flikker toe ek en Elsa verloof geraak het. Ek en sy het saam by ’n hoërskool skool gehou. Na vier jaar saam uitgaan, het ons besluit om te trou. Net na die bekendmaking van ons verlowing het een van die pastore van ons kerk na Elsa toe gekom en vir haar gesê hy dink sy maak ’n fout aangesien hy saam met ’n dame bid wat die Here vir hulle gewys het my vrou is. Jy kan dink hoe intimiderend dit vir Elsa moes gewees het toe ’n gesiene pastoor haar dié boodskap gee. Sonder dat hy weet dat Elsa alreeds deur een van sy kollegas genader is, het een van die ander pastore van dieselfde kerk, ook na ons toe gekom met dieselfde openbaring; hy bid saam met ’n dame, verskillend van die eerste een, wat hulle glo die Here as my vrou aangewys het. Intussen het ’n derde pastoor, ook van dieselfde kerk, na my toe gekom en my ingelig dat een van die dames in sy gedeelte van die gemeente hom meegedeel het dat die Here haar gewys het ek is haar man! Die pastore het nie van mekaar se “openbaringe” geweet nie. Sekerlik het die Here nie verwag ek moet met drie vrouens trou nie! Om sake nog te vererger, toe een van hierdie pastore hoor dat die kerksaal alreeds bespreek is en nie vir ons onthaal beskikbaar was nie, was sy reaksie: “Sien, bevestiging dat julle nie moet trou nie!” Onthou, hierdie was nie leiers van ’n klein groepie in ’n agterstraatjie nie; hierdie was leiers van, op daardie stadium, een van die toonaangewendste Charismatiese kerke in die land! Gelukkig was die ongeruimdheid van die betrokke persone se “openbaringe” selfverduidelikend. Die suksespatroon van hierdie tipe “stem van die Here” is veels te laag om te aanvaar dat die Here só praat (Lees die hoofstuk in my boek Anderkant die Geskeurde Voorhangsel oor hoe om die stem van die Here te hoor). Die ydele gebruik van die Almagtige se Naam in sulke subjektiewe uitsprake en profesieë is hoogs problematies en veroorsaak geestelike ontnugtering, pyn en verwarring.

**Die koms van die groot profeet**

As pastoor het ek die geleentheid gehad om saam met Bill Hamon, een van die bekendste moderne profete, op te tree. Hy het ons geleer hoe om te profeteer; jy moet net “in geloof” uitspreek wat in jou kop inkom. Vandag, met meer kennis van geestelike beginsels, besef ek hoe oop dit jou vir demoniese beïnvloeding kan maak. Lees in **Matt.16:23** hoe Jesus die duiwel moes betug omdat hy ’n gedagte in Petrus se kop geplant het!. Dit was met dié geleentheid dat Bill Hamon in die Naam van die Here geprofeteer het dat ons gemeente teen die jaar 1990 twintig duisend lidmate sou hê! In 1986, nadat ek nie meer met al die lering en praktyke van ons kerk kon saamstem nie, het ek bedank. (Vir breedvoerige inligting

oor van dié leringe , raadpleeg my boek *Anderkant die geskeurde Voorhangsel* of besoek my webtuiste www.nickmaartens.co.za. In 1990 het ek 'n afspraak met die leiers van my gewese kerk gemaak om te verneem of die twintigduisend-lidmaatprofesie toe waargekom het. Dit het nie! Nie eers naasteby nie.
In my lêers het ek geskrewe transkripsies van die profesieë wat Bill Hamon oor ons uitgespreek het. As voorbeeld van hoe hy en ander moderne profete woorde in die mond van die Here plaas, haal ek die inleiding van sy profesie oor my aan: *"And the Lord God would say, Son, **I** saw you where you were…"* Die hele profesie word uitgespreek in die eerste persoon, enkelvoud, d.w.s. asof dit God self is wat praat. So word die sinsnedes *"**I** am going to*.." en "***Let Me***…", wat na God verwys, herhaaldelik gebruik. Die meeste van die dinge wat oor my en die organisasie waarin ek betrokke was, geprofeteer is, het nie tot vervulling gekom nie, en kan ook nie meer nie omdat omstandighede intussen so radikaal verander het. Selfs van die hoofrolspelers in van die profesieë, leef nie meer nie! Baie positiewe dinge is oor ons organisasie uitgespreek, maar niemand is gewaarsku oor dít wat sou voorlê nie. Dit is tragies om in retrospeksie te sien wat alles gebeur het. Twee van die betrokke leiers waaroor geprofeteer is, is op relatiewe jong ouderdom oorlede; een in 'n tragiese ongeluk. Die vrou van 'n ander leier van dieselfde groep, het ons vertel hoe sy haar man, net na 'n Sondagdiens waarin hy gepreek het, met 'n ander vrou in owerspel betrap het. Van al hierdie katastrofes is daar niks van in die profesieë gesê nie!
Gedurende my tyd in die bediening het ek in konferensies saam met manne soos Benny Hinn, Kenneth Copeland, Nicky van der Westhuizen en vele ander, opgetree. Ek het al die profesieë gehoor van die herlewings en "new things" wat die Here sou doen. Selfs datums is in sommige gevalle genoem. In 'n byeenkoms waar ek teenwoordig was, het 'n bekende profeet voorspel dat 'n groot herlewing in Afrika in 1996 die hele wêreld sou beïnvloed! Die lys valse profesieë is te veel om op te noem!

**Die implikasies vir vandag**

Op Rick Joyner se webblad, Morningstar Ministries, word geadverteer dat hy saam met Angus Buchan, Danie Slabbert en T.E.Mzedzi vanaf 25 tot 27 Julie, 2012, by die Lewende Woord kerk van Neville Norden in Pretoria sou optree. Dit is ook op Die Lewende Woord se webblad bevestig.

**Wie is Rick Joyner?**

Rick Joyner word geassosieer met die Kansas City Prophets, Paul Cain, Bob Jones en Mike Bickle. Hulle is al om verskeie redes gediskrediteer. Mike Bickle, saam met manne soos Kenneth Hagin, Kenneth Copeland, Benny Hinn, Earl Paulk en ander van dieselfde skool, glo dat gelowiges klein godjies is. My eerste ervaring met hierdie gevaarlike lering was in 'n diens waar ons deur Casey Treat geleer is om saam met hom oor en oor hardop te verklaar: "We are gods, We are gods!". Rick Joyner endoseer hierdie bedieninge.

Een van die onlangse skandale is dié van Tod Bentley wat terwyl hy betrokke was by die sogenaamde Lakeland Lag-en-omval-Revival in Florida, 'n owerspelige verhouding met Jessa Hasbrook aangeknoop het. Hy het sy vrou Shonnah gelos en met Jessa getrou (*Wikipedia, the free encyclopedia)*. Op aandrang van sy kollegas moes hy die bediening los, omdat volgens hulle hy nie meer gekwalifiseer het nie. Ten spyte van hierdie agtergrond is hy weer met handoplegging, deur Rick Joyner en Peter Wagner, as leiers van NAR, in die amp van apostel heringesweer *(Midnight Horror Show, Pete and the Pagans, Youtube*). (*NAR –New Apostolic Reformation*).

In sy boeke maak Rick Joyner die een vreemde uitspraak na die ander. Tot dusver, sover as wat ek weet, maak hy geen verskoning vir sy valse profesieë of onbybelse stellings en leringe nie.

In die laat 90's het hy gesê die Here het hom gewys watter groot paniek op die aarde sou ontstaan met die oorgang na die nuwe millenium en die 2YK verskynsel. Die jaar 2000 het gekom en gegaan en geeneen van die dinge wat voorspel is, het gebeur nie. (**http://wideawakechristian.blogspot.co.za/2016/12/false-teacher-of-year-2016**.html ).

Die volgende is 'n kwotasie uit Rick Joyner se MorningStar Prophetic Bulletin #5:

*"On May 16, 1993 I had a vision of racial violence erupting in South Africa on an unprecedented level. Whites were killing blacks and blacks were killing whites by the thousands. The government completely lost its authority and there was anarchy throughout the nation. Whites and blacks would kill each other by the thousands... The killing was so widespread throughout the country that the United Nations expressed helplessness, confessing that the situation had deteriorated beyond anyone's ability to intervene to bring order and stop the killing"* (ttps://www.morningstarministries.org/resources/special-bulletins/2003/world-war-iii#.WMI1jdJ97Z4 (http://wideawakechristian.blogspot.co.za/2016/12/false-teacher-of-year-2016.html)

Gedurende die Bloedmaanverskynsels, het hy ook, saam met verskeie moderne profete, dinge voorspel wat in Amerika en die wêreld sou gebeur – dit sou 'n "Tipping point" vir Amerika wees. Hy het nooit verduidelik wat hy daarmee bedoel nie! Dié goed het nooit gebeur nie!

Hier is 'n paar ander uitsprake uit van sy boeke:

***"What is about to come upon the earth is not just a revival, or another awakening; it is a veritable revolution. The vision was given in order to begin to awaken those who are destined to radically change the course, and even the very definition of Christianity "*** *(Rick* Joyner, The Harvest, "Joel's Army", My beklemtoning)

***"In the near future we will not be looking back at the early church with envy because of the great exploits of those days, but all will be saying that He certainly did save His best wine for last. The most glorious times in all of history have not come upon us. You, who have dreamed of one day being able to talk with Peter, John and Paul, are going to be surprised to find that they have all been waiting to talk to you."***

(Rick Joyner, The Harvest, Pineville, NC, MorningStar, 1990, bladsy 9)

***"Miracles which exceed even some of the most spectacular biblical marvels will cause whole nations to acknowledge Jesus. ... The appearances of angels will be so common that they will cease to be related as significant events. The Lord Himself will appear to councils of* apostles *and elders to give them directives*."** (Rick Joyner, The Harvest, bladsy 33, My beklemtoning).

In sy boek, The Final Quest, skryf Rick Joyner dat die Here vir hom gesê het dat kritiek "Satan's ultimate deception" is. Nuwe Testamentiese lering stem nie met hom en sy kollegas saam dat om hulle te kritiseer dieselfde is as om hulle te vervolg nie (Sien artikel Om te Oordeel op Anderkant die Geskeurde Voorhangsel, www.nickmaartens.co.za.)

Rick Joyner en sy kamerade is vasgevang in die onBybelse dwaling wat genoem word "Dominion Teaching," of "Kingdom Now." Hulle verkondig dat die kerk die wêreld gaan oorneem en dit in 'n utopiese toestand gaan gereedmaak **sodat** Jesus kan terugkom.

Die volgende stelling word gemaak op 'n advertensie wat een van Rick Joyner se nuutste boeke adverteer: ***"Army of the Dawn*** *is both a prophecy and a training manual. It is written to inform, inspire, and provide practical instruction for those who are called to follow the King and turn an upside down world right side up"* (https://www.morningstarministries.org/store/books/rick-joyner/army-dawn#.WMI33tJ97Z4).

Hierdie leerstelling veroorsaak groot opgewondedheid onder 'n nuwe tipe Christen wat glo dat die kerk dinge hier op aarde kan verander deur "dominion" oor Satan te neem. Dit lei tot 'n nuwe tipe militante gesindheid waar kritiek of teregwysing nie geduld word.

**Mistieke geestelike oorlogvoering en 'n valse eindtyd herlewing**

Ek het in 'n vergadering gesit waar die beroemde profeet Bill Hamon as spreker opgetree het. Hy het aan ons verduidelik dat dit aan hom geopenbaar is dat Jesus nie kan terugkom aarde toe voordat die gesag van God oor alles hier op aarde deur die kerk herstel is nie. **Fil. 3:20-21** weerlê wat hy sê: "*Maar ons is burgers van die hemel,* ***van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag, deur die krag waarmee hy alles aan Homself onderwerp***…"(My beklemtoning). Hier staan dit tog duidelik dat Jesus self, met Sy wederkoms, alles aan Homself gaan onderwerp. Dit word ook profeties in die Ou Testament bevestig: *"Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin,* ***totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het"*** (**Dan.7:21-22,** My beklemtoning). Klink dít of daar in die laaste dae 'n groot herlewing gaan wees? Rick Joyner-hulle praat van "Joel's Army" wat nie teen die heidendom gaan veg nie, maar teen gelowiges wat nie met hulle saamstem nie en gedurig die Bybel aanhaal! ***"The Scriptures alone are used for establishing doctrine, while 'the voice of the Lord' is used to give us day-to-day guidance as well as revealing the strategic will of the Lord."*** (Rick Joyner, The Morning Star Prophetic Bulletin, Mei, 1996) (Hulle subjektiewe innerlike indrukke word geïnterpreteer as God se stem). Terwyl Rick Joyner sê dat: "*True faith can only come with*

*spiritual vision*," verklaar die Bybel dat geloof net deur die aanhoor van Sy Woord kom **(Romans 10:17**).

Die leraars en profete van hierdie beweging ignoreer duidelike riglyne vir gesonde Skrifinterpretasie en maak alles inpas by hulle visie om die wêreld oor te neem. In teenstelling met wat in die Bybel staan, **voorspel hulle 'n groot eindtyd herlewing waarin Christene beheer oor boosheid en demone sal oorneem en goddelike orde op die aarde sal herstel**. Hulle lê ook baie klem op die feit dat Christene baie ryk gaan word, omdat die geld van die wêreld na die kerk toe sal vloei. Die Woord van die Here voorspel egter heeltemal iets anders: "...***in die laaste dae sal daar swaar tye kom****. Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemens….hooghartig. Hulle sal nog die uiterlike skyn van godsdiens hê, maar die krag* (morele krag) *van die godsdiens sal hulle nie ken nie*" (**2 Timoteus 3:1-5).** Die teenoorgestelde as 'n groot herlewing word in hierdie Skrifgedeelte voorspel. Dit is tragies om te sien dat sommige van die dinge wat in bogenoemde Skrifgedeelte as tekens van die eindtye voorspel word, as doktrines in die kerk verkondig word; verwaandheid en die liefde vir self, vorm die wortel van die selfbeeld-evangelie; geldgierigheid en die sug na materiële besittings word onder die "prosperity gospel" aangemoedig; 'n gebrek aan selfbeheersing lei tot dronkenskap in die gees en die maak van allerhande geluide.

'n Verslag van die "New Millennium Apostolic Council of Prophetic Elders "(Rick Joyner en Peter Wagner en kie.) lui as volg: ***"This move of God will be so powerful that the church will gather in stadiums to worship, both the church in given regions as well as some local churches which will grow so large that they will fill stadiums for their celebration worship services. … The Government of God's kingdom will be established through the apostolic and prophetic authorities in cities and nations. … We will see tremendous transfers of wealth into the Kingdom of God through the ministry of market apostles (those with apostolic anointing for business and other areas of society)."***

Is hierdie klem op groot getalle Christene wat bymekaar moet kom om meer krag aan die wêreld en Satan te demonstreer, hoekom party leiers na die kerk as 'n "force" verwys ? (Sien Rick Warren se artikel: 8 Reasons why the church is the greatest force on earth.) Om hierdie uitspraak te staaf noem hy die feit dat daar oor die twee biljoen "Christene" oor die wêreld is en deur hulle te kry om saam te werk, word hulle die grootste "force" in die wêreld. Geen klem word gelê op eenheid op grond van Bybelse Waarheid nie.

As gelowiges nie met die gawe van onderskeiding die leiers wat hulle beïnvloed evalueer nie, kan dit gebeur dat die ongediskrimineerde klem op getalle eendag gaan bydrae tot die tot standkoming van die valse koninkryk van die anti-chris hier op aarde wat alle gelowe van die wêreld in "eenheid" gaan saamsnoer **(2 Thess.2:9-12).** Hierdie valse beeld van 'n wêreldse utopia wat hier deur Christene op die aarde geskep gaan word, berei gelowiges gladnie voor vir verdrukking en moeilike tye wat in die Skrif voorspel word nie **(Joh.16:33, 2 Tim.3:1-5).**

**Slotsom**

Die getuienis wat die valsheid van baie moderne profete bewys, is te veel om in hierdie skrywe aan te haal. Almal het die elektroniese vermoeë om self enige persoon se bediening na te vors. U word uitgedaag om self ondersoek in te stel.
Die vraag moet nou gevra word: **Wat soek Rick Joyner in Neville Norden se kerk en wat soek Angus Buchan in hulle geselskap?** Verder, beteken Angus Buchan se assosiasie met Rodney Howard Browne, propageerder van die "Lag-en-omval" Toronto Blessing, dat hy dié man se bediening goedkeur? Sien hulle saam op http://www.revival.com/pastor-rodney-with-angus-buchan.2658.1.htm.
Is dit uit naïwiteit dat hulle skuldig is deur assosiasie, of onderskryf hulle die bedieninge wat ons hier vlugtig na verwys het. Ek is in besit van 'n glanspapier advertensie waarop bekende leraars Rick Warren se Purpose Driven boeke endoseer en aanbeveel. Ek het my artikel waarin ek al die Skrifverdraaiings van Rick Warren uitwys, aan sommige van hulle gestuur (Lees die artikel op my webblad www.nickmaartens.co.za – On Purpose ). In die dokument is ook bewyse van Rick Warren se assosiasie met Moslims en sy pogings om 'n universiële geloofsamewerking tot stand te bring. Een het terug geantwoord en erken dat hy nog nie Rick Warren se boeke self gelees het nie! Op grond waarvan beveel hy die boeke dan aan! Het dié wat saam met Rick Joyner by Die Lewende Woord opgetree het, Rick Joyner se boeke al gelees en sy valse uitsprake al bestudeer? As hulle het, sê hulle stilswye daaroor iets? Het u al sy boeke The Harvest, The Final Quest, The Call en The Hordes of Hell are Marching gelees en as u het, stem u saam met al die onbybelse uitsprake en profesieë? (Hulle kan op die internet gelees word).
Rick Joyner en van die ander profete probeer hulle mislukkings wegpraat deur te sê dat Nuwe Testamentiese profete nie 100% akkuraat hoef te wees nie, 66-80% is goed genoeg (*The Prophetic Ministry, The Morning Star Prophetic Newsletter, Rick Joyner, Vol 3, No. 2, bladsy 4*). As hulle uitsprake van God kom, soos hulle terminologie impliseer, moet dit mos akkuraat wees. God maak mos nie foute nie. Met hulle erkenning dat hulle nog leer, durf hulle mos nie hulle uitsprake in God se Naam maak nie! Hulle kan hulleself dan ook nie as apostels voorgee nie! Ook het hulle dan nie gesag om liggelowige mense te manipuleer nie.
Wat kommerwekkend is, is die feit dat menigtes na die Lewende Woord in Pretoria gestroom het net omdat die bekende Oom Angus Buchan ook daar was. Is hy ook 'n "koninkryk nou" aanhanger wat 'n mensgemaakte koninkryk hier op aarde wil help vestig? Ons sit met 'n dilemma. Of ons aanvaar Rick Joyner en sy kollegas as God se uitverkore super-profete; of ons moet hulle uitwys as valses!
In die Ou Testament moes valse profete met klippe dood gegooi word, so ernstig was dit om God valslik by uitsprake te betrek! (**Deut.18**). Vandag mag ons hulle nie meer met klippe doodgooi nie, maar ons word beveel om hulle uitsprake te toets (**1 Kor.14:29**).

***"Glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan"* (1 Joh.4:1).**

**Nick Maartens**
**Langenhovenpark, Bloemfontein**
**0827826074**
**Webblad: www.nickmaartens.co.za**

Verwysings:

http://www.deceptioninthechurch.com/joyner.html
http://www.christian-witness.org/archives/van1998/rjoyner1_98.html
http://www.christian-witness.org/archives/van1999/rjoyner2_99.html